

## HOOFSTUK 26: VOORTREKKERDRAG

### 1 BEMAGTIGING

- 1.1 Die grondwet bemagtig die hoofbestuur in artikel 13 om Voortrekkerdrag voor te skryf vir al die lede van Die Voortrekkers.
- 1.2 Voortrekkerdrag moet van 'n klasieke snit wees wat algemeen aanvaarbaar is en nie deur kort termyn mode neigings beïnvloed word nie.

### 2 INLEIDING

- 2.1 Voortrekkerdrag identifiseer 'n Voortrekker en word te alle tye volledig en onbesproke netjies gedra.
- 2.2 Offisiere, Staatmakers, Verkenner, Penkoppe en Drawwertjies dra formele en aktiewe Voortrekkerdrag.
- 2.3 Die dra van Voortrekkerdrag is verpligtend na aanvaarding van lidmaatskap.
- 2.4 Erelede en Heemraadslede mag vrywillig formele en aktiewe Voortrekkerdrag dra.
- 2.5 Jeugvriende mag vrywillig aktiewe Voortrekkerdrag dra.
- 2.6 Waar formele of aktiewe drag voorgeskryf is mag dit nie deur 'n ander of bykomende drag, of kenteken vervang, of aangevul word nie.
- 2.7 Geen stukke met Voortrekker simbole daarop mag in besit wees van persone wat nie gemagtig is om dit te dra nie.
- 2.8 Voortrekkers dra slegs die voorgeskrewe kentekens op formele Voortrekkerdrag en dra geen kentekens op aktiewe Voortrekkerdrag nie.
- 2.9 Goedgekeurde bykomstighede met die Voortrekkerwapen of Gebiedswapen daarop mag by voorbeeld soos by die kongres tydens nie-formele geleenthede gedra word.
- 2.10 Slegs stukke wat deur die Voriemôl bevoorrad word, en, waar uitdruklike toestemming aan 'n ander voorsiener van gholphemde gegee is, mag as Voortrekkerdrag gedra word.

### 3 ALGEMEEN

- 3.1 Voortrekkerdrag bestaan uit formele en aktiewe drag en word gedra soos hierna uiteengesit.
- 3.2 Die verskillende dele van die Voortrekkerdrag word vervaardig ooreenkomstig goedgekeurde ontwerpe. Dit bestaan uit die betrokke stukke met kentekens daarop aangebring soos hierna omskryf. (Sketse met toepaslike omskrywings word ook 'n deur die Voriemôl en op die webblad beskikbaar gestel)
- 3.3 Met die uitsondering van die naambalkie vir volwassenes, die reddingsboei en die Jeugleierbalkie vir Gebied-, Oord- en Kommando-jeugleiers mag slegs geborduurde kentekens op 'n erkenningsbaadjie aangebring word terwyl 'n baadjie/blazer net metaal-kentekens op mag hê.
- 3.4 Wanneer 'n Voortrekker Voortrekkerdrag dra, moet hy/sy ten minste die basiese stukke van formele of aktiewe drag aanhê, soos hierna omskryf.
- 3.5 Slegs die amptelike blou, rooi, wit of tweekleurige gholfhemp met die Voortrekkerwapen geborduur, soos in voorraad aangehou word by die Voriemôl, mag gedra word.
- 3.6 Die Voortrekker kleurkode is opvolgend oranje, groen, blou, rooi, silwer, goud en ligblou vir staatmakers.

### 4 SAMESTELLING VAN VOORTREKKERDRAG

#### 4.1 Kledingstukke vir mans en seuns

##### 4.1.1 Hemp

- a) Formele drag vir volwasse lede en Verkenner is 'n wit boordjiehemp.
- b) Formele drag vir Penkoppe is 'n blou, rooi of wit gholfhemp of wit boordjie hemp, sonder das, wat te alle tye ingestek moet word. Nie die tweekleurige gholfhemp nie.
- c) Penkoppe in graad 6 en 7 mag formele drag soos Verkennerseuns dra, indien die kommandobestuur van die Voortrekkerkommando so besluit, op voorwaarde dat die Penkoppe ook die basiese formele drag besit.

- d) Aktiewe drag vir alle lede is 'n blou, rooi, wit of tweekleurige gholfhemp soos deur die Voriemôl bevoorraad en waarop slegs die Voortrekkerwapen geborduur is. Die hemp kan ingesteek of los bo-oor die broek gedra word.
- e) Volwasse lede mag by geleenthede waar aktiewe drag voorgeskryf word ook 'n wit, blou of rooi kraaghemp met kort moue van dieselfde kleur as gholfhemde dra met geborduurde Voortrekkerwapen wat voldoen aan die voorskrif wat vanaf die Voriemôl verkrygbaar is.

#### 4.1.2 Broek

- a) Formele drag vir volwasse lede en Verkennerseuns is 'n effekleurige grys langbroek.
- b) Formele drag vir Penkoppe is 'n donkerblou heel langbroek, verkieslik van denim-materiaal.
- c) Penkoppe in graad 6 en 7 mag formele drag soos Verkennerseuns dra, indien die betrokke kommandobestuur so besluit, op voorwaarde dat die Penkoppe ook die basiese formele drag besit.
- d) Aktiewe drag vir alle mans en seuns is 'n heel donkerblou lang- of kortbroek, verkieslik van denim materiaal.  
("Heel" beteken dat die kledingstuk heel moet wees sonder enige snye, gate of uitgerafelde dele. "Effekleurige" beteken dat dit geen strepe, kolle of gekleurde panele in mag hê nie.)

#### 4.1.3 Kouse

- a) By formele drag vir volwasse lede, Verkennerseuns en Penkoppe in graad 6 en 7, wat formele drag soos Verkennerseuns dra, moet die kleur van die kouse by die broek pas.
- b) By formele drag vir Penkoppe is die kleur van die kouse na eie keuse.
- c) By aktiewe drag vir alle lede is die kleur van die kouse na eie keuse.

#### 4.1.4. Skoene

- a) Formele drag vir volwasse lede, Verkennerseuns en Penkoppe wat formele drag soos Verkennerseuns dra, is donker poleerbare skoene.
- b) Formele drag vir Penkoppe is skoene na eie keuse, wanneer die donkerblou heel langbroek, verkieslik van denim materiaal, gedra word.
- c) Aktiewe drag vir alle mans en seuns is skoene of sandale na eie keuse en Penkoppe mag kaalvoet loop.

#### 4.1.5 Das

- a) Saam met formele drag mag volwasse lede enige van die dasse soos in die Voriemôl beskikbaar is, dra. Die das moet geknoop word sodat die breë punt net bokant die broek se band/gordel hang. Die smal punt mag nie onder die breë punt uithang nie.
- b) Saam met formele drag moet Verkennerseuns 'n donkerblou das dra. Die das moet geknoop word sodat die breë punt net bokant die broek se band/gordel hang. Die smal punt mag nie onder die breë punt uithang nie.
- c) Slegs 'n Voortrekker-lapelwapen mag as dasspeld gedra word.
- d) Penkoppe in graad 6 en 7 mag 'n blou das dra indien die betrokke kommandobestuur besluit dat hulle formele drag soos Verkennerseuns mag dra en daar 'n uitdruklike oproep is dat dasse by 'n spesifieke geleentheid gedra sal word.

#### 4.1.6 Baadjie/Blazer en Erkenningsbaadjie

- a) Formele drag vir volwasse lede is 'n donkerblou enkel- of dubbelborsbaadjie/ blazer en/of 'n donkerblou erkenningsbaadjie.
- b) Formele drag vir Verkennerseuns en Penkoppe is 'n donkerblou erkenningsbaadjie.
- c) Saam met aktiewe drag dra mans en seuns glad nie 'n baadjie/blazer of erkenningsbaadjie nie behalwe in die gevalle soos artikel 4.1.6 (d) omskryf.
- d) Indien 'n bevelvoerende offisier van 'n Voortrekkerkamp so besluit, moet kampeerders vooraf ingelig word dat erkenningsbaadjies saam met aktiewe drag tydens bepaalde geleenthede op die kamp gedra gaan word.

#### 4.1.7 Hoofbedekking

- a) Hoofbedekking word nie saam met formele drag gedra nie tensy die bevelvoerende offisier toestemming verleen dat 'n donkerblou breërand sonwerende hoed, deur Voortrekkers gedra mag word, indien hulle lang periodes in die son gaan werk.
- b) Saam met aktiewe drag mag 'n hoofbedekking na eie keuse gedra word.

#### 4.1.8 Basiese formele drag vir Penkoppe

- a) Formele drag vir Penkoppe is 'n blou, rooi, wit gholfhemp of wit boordjehemp sonder das wat te alle tye ingesteeek moet word. (4.1.1 b)
- b) Formele drag vir Penkoppe is 'n donkerblou langbroek, verkieslik van denim materiaal.(4.1.2 b)
- c) By formele drag vir Penkoppe is die kleur van die kouse na eie keuse. (4.1.3 b)
- d) Formele drag vir Penkoppe is skoene na eie keuse wanneer die donkerblou langbroek, verkieslik van denim materiaal, gedra word. (4.1.4 b)
- e) Formele drag vir Penkoppe is 'n donkerblou erkenningsbaadjie. (4.1.6 b)

### 4.2 Kledingstukke vir dames en dogters

#### 4.2.1 Bloes/Hemp

- a) Formele drag vir volwasse lede en Verkenners is 'n wit bloes/hemp met 'n kraag en moue. Die bloes mag met wit borduurwerk versier wees. Die bloes/hemp kan ingesteeek of los bo-oor die romp/langbroek gedra word.
- b) Formele drag vir Drawwertjies is 'n blou, rooi of wit gholfhemp of wit boordjie hemp sonder 'n tantinie of serp, wat te alle tye ingesteeek moet word. Nie die tweekleurige gholfhemp nie.
- c) Drawwertjies in graad 6 en 7 mag formele drag soos Verkennerdogters dra, indien die betrokke kommandobestuur so besluit, op voorwaarde dat die Drawwertjies ook die basiese formele drag besit.
- d) Aktiewe drag vir alle lede is 'n blou, rooi, wit of tweekleurige gholfhemp waarop slegs die Voortrekker wapen geborduur is. Die hemp kan ingesteeek of los bo-oor die romp/langbroek gedra word.
- e) Volwasse lede mag by geleentheid waar aktiewe drag voorgeskryf word ook 'n wit, blou of rooi kraaghemp met kort moue van dieselfde kleur as gholfhemde dra met geborduurde Voortrekkerwapen wat voldoen aan die voorskrif wat vanaf die Voriemôl verkrygbaar is.

#### 4.2.2 Romp/Langbroek

- a) Formele drag vir volwasse lede en Verkennerdogters is:
  - (i) 'n Sinlike donkerblou romp soos die geleentheid vereis. ("Sinlik" bedoeling: (1) In 'n knielende posisie mag die onderste soom van die romp nie hoër as viervinger breedte van die oppervlak te wees nie waarop die draer kniel. (2) Die romp moet by die draer se figuur pas.)
  - (ii) 'n Heel, effekleurige donkerblou langbroek sonder enige versierings. ("Heel" beteken dat die kledingstuk heel moet wees sonder enige snye, gate of uitgerafelde dele. "Effekleurige" beteken dat dit geen strepe, kolle of gekleurde panele in mag hê nie.)
- b) Formele drag vir Drawwertjies is:
  - (i) 'n Donkerblou romp of heel, effekleurige langbroek sonder enige versierings, verkieslik van denim materiaal.
  - (ii) Drawwertjies in graad 6 en 7 mag formele drag soos Verkennerdogters dra, (soos beskryf in 4.2.2 a) indien die betrokke kommandobestuur so besluit, op voorwaarde dat die Drawwertjies ook die basiese formele drag besit.
- c) Aktiewe drag vir dames en dogters is:
  - (i) 'n Sinlike donkerblou, heel, effekleurige langbroek (nie nouseluitend nie), sonder enige versierings, verkieslik van denim materiaal.
  - (ii) 'n Sinlike kortbroek, broekromp of romp, soos die geleentheid vereis.

#### 4.2.3 Sykouse/Kouse

- a) Dames en dogters wat 'n blou romp as formele drag dra, dra effekleurige ligte of bypassende sykouse/kouse (vol- of kniehoogte) wat by die romp pas.

- b) Dames dra nie sokkies of kniekouse (bobbysocks) by rompe wanneer formele drag gedra word nie, maar kan wel bypassende sokkies of kniekouse dra wanneer langbroeke by formele drag gedra word.
- c) Verkennerdogters in graad 11 en 12 dra tydens aandfunksies effekleurige ligte of bypassende sykouse/kouse (vol-of kniehoogte) wat by die blou romp pas.
- d) Drawwertjies met die basiese formele drag, dra kouse na eie keuse.  
Indien die betrokke kommandobestuur besluit dat Drawwertjies in graad 6 en 7 formele drag soos Verkennerdogters mag dra, dan geld 4.2.3 (a).
- e) Dames dra kouse na eie keuse by aktiewe drag.

#### 4.2.4 Skoene

- a) Formele drag vir volwassenes is donker poleerbare skoene sonder gespes en ander versiersels.
- b) Formele drag vir Verkennerdogters is bypassende poleerbare skoene.
- c) Formele drag vir Drawwertjies is skoene na eie keuse.
- d) Drawwertjies in graad 6 en 7, indien die betrokke kommandobestuur besluit dat hulle formele drag soos Verkennerdogters mag dra, is bypassende poleerbare skoene.
- e) Aktiewe drag vir alle dames en dogters is skoene of sandale na eie keuse en Drawwertjies mag kaalvoet loop.

#### 4.2.5 Voortrekkerserp/Tantynie

- a) Formele drag vir volwasse lede is 'n voorgeskrewe serp of donkerblou tantynie soos deur die Voriemôl in voorraad gehou word.
- b) Formele drag vir Verkennerdogters is 'n donkerblou tantynie of effekleurige donkerblou serp.
- c) Slegs 'n Voortrekker-lapelwapen mag as speld op die tantynie gedra word.
- d) Drawwertjies in graad 6 en 7 mag 'n tantynie of serp dra, indien die kommando besluit dat hulle formele drag soos Verkennerdogters mag dra.
- e) Dames en dogters dra nie dassie nie.

#### 4.2.6 Baadjie/Blazer en Erkenningsbaadjie

- a) Formele drag vir volwasse lede is 'n donkerblou baadjie/blazer en/of 'n donkerblou erkenningsbaadjie.
- b) Formele drag vir Verkennerdogters en Drawwertjies is 'n donkerblou erkenningsbaadjie.
- c) Saam met aktiewe drag dra dames en dogters nie 'n baadjie/blazer of erkenningsbaadjie nie behalwe in die gevalle soos artikel 4.2.6 (d) omskryf.
- d) Indien 'n bevelvoerende offisier van 'n Voortrekkerkamp so besluit, moet kampeerders vooraf ingelig word dat erkenningsbaadjies saam met aktiewe drag tydens bepaalde geleenthede op die kamp gedra gaan word.

#### 4.2.7 Hoofbedekking

- a) 'n Hoofbedekking word nie saam met formele drag gedra nie.
- b) Saam met aktiewe drag mag 'n hoofbedekking na eie keuse gedra word.

#### 4.2.8 Basiese formele drag vir Drawwertjies

- a) Formele drag vir Drawwertjies is 'n blou, rooi, wit gholfhemp of wit boordjie hemp sonder 'n tantynie of serp, wat te alle tye ingesteeek moet word. (4.2.1 b)
- b) Formele drag vir Drawwertjies is 'n donkerblou langbroek/romp, verkieslik van denim materiaal. (4.2.2 b i)
- c) By formele drag vir Drawwertjies is die kleur van die kouse na eie keuse. (4.2.3 d)
- d) Formele drag vir Drawwertjies is skoene na eie keuse, wanneer die donkerblou langbroek, verkieslik van denim materiaal, gedra word. (4.2.4 c)
- e) Formele drag vir Drawwertjies is 'n donkerblou erkenningsbaadjie. (4.2.6 b)

## 5 WARMDRAG

5.1 Enige oorheersend effekleurige, donkerblou warmdrag-kledingstuk met minimale streep, wapen of logo, wat pas by die beeld van Die Voortrekkers en Voortrekkerdrag, mag gedra word.

5.2 Geen skoolkleurbaadjies en -trui mag gedra word nie.

- 5.3 Verkenners mag donkerblou baadjies/blazers sonder enige kentekens, omboorsel, strepe, wapens, logo's of slagspreuke dra.
- 5.4 'n Donkerblou trui of erkenningsbaadjie mag onder 'n formele drag baadjie/blazer gedra word.
- 5.5 Warmdrag mag bo-oor formele of aktiewe drag gedra word.
- 5.6 Indien weersomstandighede dit noodsaak mag die bevelvoerende offisier enige bykomende warmdrag tydens 'n aktiwiteit toelaat.

## **6 KENTEKENS OP VOORTREKKERDRAG**

### **6.1 Algemeen**

- 6.1.1 Kentekens kan net by die Voriemôl aangekoop word.
- 6.1.2 Die amptelike kleurkode van Die Voortrekkers is opeenvolgend wit, oranje, groen, blou, rooi, silwer en goud. 'n Ligter blou word vir Staatmakers gebruik.
- 6.1.3 Kentekens word op Voortrekkerdrag aangewerk/gedra soos omskryf in paragraaf 7 van hierdie hoofstuk.

### **6.2 Voortrekkerwapen**

- 6.2.1 'n Geborduurde wapen word op die erkenningsbaadjie gedra.
- 6.2.2 Die wapen word op die gholfhemp geborduur.
- 6.2.3 'n Naamplaatjie met die Voortrekkerwapen op word op die baadjie/blazer gedra.

### **6.3 Gebiedskentekens**

- 6.3.1 Elke gebied het 'n onderskeidende gebiedskentekens wat deur alle lede in die betrokke gebied op die erkenningsbaadjie gedra word.
- 6.3.2 Lede van die hoofdagbestuur, die hoofskakeldraer en die adjunkhoofskakeldraer dra nie gebiedskentekens nie.

### **6.4 Kommandonaamlint**

- 6.4.1 Elke kommando bestel sy naamlint van die Voriemôl en dit word deur lede van daardie kommando op die erkenningsbaadjie gedra.
- 6.4.2 Lede van die hoofdagbestuur, gebiedsdagbesture, die hoofskakeldraer, adjunkhoofskakeldraer, gebiedskakeldraers en adjunkgebiedskakeldraers dra nie kommandonaamlinte nie.

### **6.5 Spankentekens**

- 6.5.1 Spanname word gekies uit die lys wat by die Voriemôl verkrygbaar is.
- 6.5.2 Slegs geborduurde spankentekens wat deur die Voriemôl in voorraad gehou word, mag op die erkenningsbaadjie gedra word.
- 6.5.3 Volwasse lede dra nie spankentekens op hulle erkenningsbaadjies nie.

### **6.6 Dekorasië en Medaljes aan volwasse lede**

- a) Die volgende toekennings word op formele Voortrekkerdrag gedra:
  - (i) **Erelidmaatskap-penning aan Voortrekkers en nie-Voortrekkers.**
  - (ii) Dekorasië vir buitengewone diens aan Die Voortrekkers.
  - (iii) Medalje vir besondere Diens aan Die Voortrekkers op Nasionale vlak.
  - (iv) Medalje vir besondere Diens aan Die Voortrekkers op Gebiedsvlak.
  - (v) Medalje vir besondere Diens aan Die Voortrekkers op Gemeenskapsvlak.
  - (vi) Medalje vir besondere Diens aan Die Voortrekkers op Staatmakervlak.
  - (vii) Reddingsboei vir Dapperheid.
- b) **Erelidmaatskap toekenning aan Voortrekkers**  
**Die penning word net op die baadjie/blazer gedra bokant van die metaal dekorasië/medalje balkie.**
- c) Toekenningsbalkie  
 Die toekenningsbalkie word net op die baadjie/blazer gedra met spesifieke geleenthede. Dit is 'n metaalbalkie waaraan die toegekende dekorasië/medaljes gehang word. As meer as een dekorasië/medalje toegeken is, word dit soos volg van die knopekant na die buitekant op die balkie aangebring:
  - (i) Dekorasië vir buitengewone diens aan Die Voortrekkers - Goue lint.
  - (ii) Medalje vir besondere Diens op Nasionale vlak - Rooi lint.
  - (iii) Medalje vir besondere Diens op Gebiedsvlak - Blou lint.

- (iv) Medalje vir besondere Diens op Gemeenskapsvlak - Groen lint.
- (v) Medalje vir besondere Diens op Staatmakervlak - Ligblou lint.
- d) Toekenninglintbalkie (metaal)
  - 'n Toekenninglintbalkie word te alle tye op die baadjie/blazer gedra en dui die lintkleure van toegekende dekorasie/medaljes aan. As meer as een dekorasie/medalje toegeken is, geld die reëls soos in paragraaf 6.6 c).
- e) Toekenninglintbalkie (geborduur)
  - 'n Geborduurde lintbalkie word te alle tye op 'n erkenningsbaadjie gedra en dui die lintkleure van toegekende dekorasie/medalje aan. As meer as een dekorasie/medalje toegeken is, geld die reëls soos in paragraaf 6.6 c).
- f) Tweede toekenning van medalje
  - 'n Medalje kan slegs twee keer aan dieselfde persoon toegeken word. Die tweede toekenning word soos volg aangedui:
    - (i) Toekenningsbalkie: Die lint van die medalje wat die tweede keer toegeken word, word in die middel met die toepaslike goue, silwer of brons miniatuur Voortrekkerwapen versier.
    - (ii) Metaal lintbalkie en geborduurde lintbalkie: Die lint van die medalje wat die tweede keer toegeken word, word in die middel met 'n 2 mm goue vertikale streep versier.

## 6.7 Toekennings aan volwassenes wat nie Voortrekkerdrag dra nie.

Kan ook aan Voortrekkers (Heemraadslede) wat nie Voortrekkerdrag dra nie toegeken word.

Die volgende toekennings word op gepaste drag gedra:

- (i) Penning vir uitstaande jeugdiens op Nasionale vlak. .
- (ii) Penning vir uitstaande jeugdiens op Gebiedsvlak.
- (iii) Penning vir uitstaande jeugdiens op Gemeenskapsvlak

## 6.8 Kultuurjeugleierskaptoekenning.

Toekenning kan gemaak word aan Voortrekkers en nie-Voortrekkers.

- (i) Penning vir kultuurjeugleierskap op Nasionale vlak. .
- (ii) Penning vir kultuurjeugleierskap op Gebiedsvlak.
- (iii) Penning vir kultuurjeugleierskap op Gemeenskapsvlak

## 6.9 Jeugleiersbalkie.

- a) Vir verkenners.
  - (i) Gebiedjeugleierbalkie soos bevoorraad deur die Voriemôl.
  - (ii) Oordjeugleierbalkie soos bevoorraad deur die Voriemôl
  - (iii) Kommandojeugleierbalkie soos bevoorraad deur die Voriemôl
- b) Vir Penkoppe/Drawwertjies
  - (i) Kommandojeugleierbalkie soos bevoorraad deur die Voriemôl

## 6.10 Rangkentekens

### 6.10.1 Algemeen

- a) Rangkentekens word op Voortrekkerdrag gedra om die pos wat 'n Offisier, Staatmaker, Verkenner, Penkop of Drawwertjie beklee, aan te dui.
- b) In gevalle waar 'n Offisier, Staatmaker, Verkenner, Penkop of Drawwertjie meer as een pos beklee, word die rangkenteken van die hoogste pos wat sodanige lid beklee, saam met die toepaslike groepkenteken gedra.
- c) Slegs toekennings of balkies wat deur die Voriemôl bevoorraad word mag op Voortrekkerdrag gedra word

### 6.10.2 Rangkentekens vir die hoofdagbestuur

- a) Hoofleier Drie goue gekruisde fakkels
- b) Adjunkhoofleier Twee goue gekruisde fakkels

### 6.10.3 Rangkentekens vir gebiedsdagbesture

- a) Gebiedsleier Drie silwer wawiele
- b) Adjunkgebiedsleier Twee silwer wawiele

- 6.10.4 Rangkentekens vir oorddagbesture
- a) Oordleier Drie rooi kompasse
  - b) Adjunkoordleier Twee rooi kompasse
- 6.10.5 Rangkentekens vir streekleiers
- a) Streekleier Een rooi kompas
- 6.10.6 Rangkentekens vir kommandodagbesture
- a) Kommandoleier Drie blou kompasse
  - b) Adjunkkommandoleier Twee blou kompasse
- 6.10.7 Rangkentekens vir veldkornette en spanoffisiere
- a) Veldkornet Drie groen kompasse
  - b) Spanoffisier Twee groen kompasse
- 6.10.8 (i) Rangkentekens vir Staatmakers
- a) Hoofskakeldraer Drie silwer wawiele op ligblou agtergrond
  - b) Adjunkhoofskakeldraer Twee silwer wawiele op ligblou agtergrond
  - c) Gebiedskakeldraer Drie rooi kompasse op ligblou agtergrond
  - d) Adjunkgebiedskakeldraer Twee rooi kompasse op ligblou agtergrond
- (ii) Rangkentekens vir Staatmakergroepe:
- a) Groepleier Drie donkerblou kompasse op ligblou agtergrond
  - b) Adjungroepleier Twee donkerblou kompasse op ligblou agtergrond
- (iii) Rangkentekens vir Staatmakergroepe wat deel is van 'n Voortrekkerkommando:
- a) Groepleier Drie groen kompasse op ligblou agtergrond
  - b) Adjungroepleier Twee groen kompasse op ligblou agtergrond
- 6.10.9 Rangkentekens vir Verkenners
- Die rangkenteken vir Verkenners is 'n groen kruithoring op 'n mariebeskuitjiekleurige agtergrond met 'n rand in die voorgeskrewe kleur.
- a) Gebiedsjeugleier Drie kruithorings met silwer rand
  - b) Adjunkgebiedsjeugleier Twee kruithorings met silwer rand
  - c) Oordjeugleier Drie kruithorings met rooi rand
  - d) Adjunkoordjeugleier Twee kruithorings met rooi rand
  - e) Kommandojeugleier Drie kruithorings met groen rand
  - f) Spanleier Twee kruithorings met groen rand
  - g) Adjunkspanleier Een kruithoring met groen rand
- 6.10.10 Rangkentekens vir Penkoppe en Drawwertjies
- Die rangkenteken vir Penkoppe en Drawwertjies is 'n oranje klokkie op 'n mariebeskuitjiekleurige agtergrond met 'n oranje rand.
- a) Kommandojeugleier Drie klokkies
  - b) Spanleier Twee klokkies
  - c) Adjunkspanleier Een klokkie

## 6.11 Kentekens vir getroue diens

- 6.11.1 Vir die eerste 4 jaar van getroue diens as Die Voortrekker word vir elke jaar 'n skei toegeken volgens die amptelike kleurkode van 'n oranje skei vir die eerste jaar tot 'n rooi skei vir die vierde jaar. Die skei word met die kerwe na bo gedra.
- 6.11.2 Elke vyfde jaar van getroue diens as Die Voortrekker word 'n voorjuk toegeken volgens die amptelike kleurkode van Die Voortrekkers van oranje tot goud.
- 6.11.3 Hierdie patroon word na 5 jaar herhaal totdat 'n goue voorjuk na 30 jaar getroue diens toegeken word.
- 6.11.4 Daarna word 'n goue voorjuk met 'n lourierkrans volgens die amptelike kleurkode van Die Voortrekkers van oranje tot goud elke vyfde jaar toegeken.
- 6.11.5 Dit word herhaal totdat 'n goue voorjuk met 'n goue lourierkrans vir 60 jaar getroue diens toegeken is.
- 6.11.6 Na 65 jaar word die goue voorjuk in die goue lourierkrans vervang met die syfers 65 in goud.
- 6.11.7 Dieselfde patroon word gevolg vir 70 en 75 jaar getroue diens.

- 6.11.8 Kentekens vir getroue diens op die erkenningsbaadjie
- Geborduurde kentekens word op die erkenningsbaadjie gedra.
  - Slegs die nuutste toegekende skei/voorjuk word gedra.
  - Die eerste vier jaar word net 'n skei gedra.
  - Na vyf jaar word net 'n voorjuk gedra.
  - Na ses jaar word die voorjuk en die nuutste toegekende skei saam gedra.
  - Daarna word die nuutste toegekende skei telkens saam met die nuutste toegekende voorjuk gedra.
  - Na 30 jaar word slegs 'n voorjuk gedra. Dit word toegeken soos hierbo beskryf.
- 6.11.9 Kentekens vir getroue diens op die baadjie/blazer
- Metaal kentekens word op die baadjie/blazer gedra.
  - Na een jaar getroue diens word 'n enkele goudkleurige metaal skei gedra met die kerwe na bo.
  - Die enkele skei word gedra totdat 'n oranje voorjuk na vyf jaar toegeken word, waarna die skei verwyder word.
  - 'n Skei word nie saam met 'n metaal voorjuk gedra nie.
  - Daarna word 'n metaal voorjuk elke vyf jaar toegeken soos hierbo beskryf.

## 6.12 Graadwielkenteken

- 6.12.1 Die Penkop- en Drawwertjie-gradwielkenteken is 'n ronde kenteken met 'n oranje rand op 'n Voortrekkerbruin agtergrond waarop 'n wiel geborduur is. Die kleure van graadwiele 0 tot 6 is onderskeidelik wit, oranje, groen, blou, rooi, silwer en goud. Die graadwiel 7 kenteken is die Dagbreek-gradwiel.
- 6.12.2 Die Verkenner graadwielkenteken is 'n ronde kenteken met 'n groen rand op 'n Voortrekkerbruin agtergrond waarop 'n wiel geborduur is. Die kleure van die wiele vir grade 8 tot 11 is onderskeidelik oranje, groen, blou en rooi.
- 6.12.3 Wanneer 'n Penkop of Drawwertjie 'n Verkenner word, word al die Penkop- en Drawwertjie-gradwielkentekens van die erkenningsbaadjie verwyder maar die Dagbreek-gradwiel, indien verwerf, word in die plek van die eerste spesialisasie kenteken gedra. Dit word aangewerk soos voorgeskryf in 7.2.2 j.
- 6.12.4 Wanneer 'n Verkenner 'n volwasse lid word, word al die Verkenner graadwielkentekens van die erkenningsbaadjie verwyder.

## 6.13 Naambalkie

- 6.13.1 Volwasse lede dra die voorgeskrewe naambalkie met die Voortrekkerwapen. Offisiere en Staatmakers dra 'n goue naambalkie en Heemraadslede dra 'n silwer naambalkie.
- 6.13.2 Indien 'n lid 'n Hoofleierswag- of Presidentsverkenner-toekenning ontvang het, word dit op die naambalkie aangedui.
- 6.13.3 Volwasse lede dra dieselfde naambalkie op die erkenningsbaadjie en op die baadjie/blazer.

## 6.14 Groepkenteken

Die verskillende kategorieë lede (Offisiere, Staatmakers, Heemraadslede, Verkenners, Penkoppe en Drawwertjies) word deur 'n voorgeskrewe groepkenteken op die erkenningsbaadjie onderskei.

## 6.15 Toekennings aan Jeuglede

- Voorslag vir Penkoppe en Drawwertjies  
Dit is 'n skildvormige kenteken wat vertikaal in drie verdeel is in die kleure blou, wit, rooi en met 'n blou rand. Op die wit in die middel is 'n "V" geborduur in brons, silwer of goud. Die geborduurde toekenning word op die erkenningsbaadjie gedra.
- Presidentsverkenner vir Verkenners  
Dit is 'n blou skildvormige kenteken waarop 'n fakkel in goud en rooi binne 'n goue lourierkrans geborduur is. Die geborduurde toekenning word op die erkenningsbaadjie gedra. Op die formele baadjie/blazer word die toekenning op die naamplaatjie aangedui.



## 6.16 ABC-toekennings

- 6.16.1 ABC-toekennings het 'n blou agtergrond met die silwer "ABC" logo met 'n oranje, groen, blou, rooi, silwer en goue lourier en 'n goue "ABC" logo met 'n oranje, groen, blou, rooi, silwer en goue lourier. Die kenteken word toegeken volgens punte verdien op 'n punteskala vasgestel deur die Hoofbestuur.
- 6.16.2 Op 'n erkenningsbaadjie  
Die hoogste verwerfde geborduurde ABC-toekenning word gedra.
- 6.16.3 Op 'n baadjie/blazer  
Die hoogste verwerfde metaal ABC-toekenning word gedra.

## 6.17 Spesialisiekentekens

- 6.17.1 Spesialisiekentekens vir jeuglede word op die erkenningsbaadjie aangewerk soos voorgeskryf in paragraaf 7 van hierdie hoofstuk.
- a) Spesialisiekentekens vir Penkoppe en Drawwertjies
    - (i) Spesialisiekentekens vir Gr 1 het 'n oranje agtergrond.
    - (ii) Spesialisiekentekens vir Gr 2 het 'n groen agtergrond.
    - (iii) Spesialisiekentekens vir Gr 3 het 'n blou agtergrond.
    - (iv) Spesialisiekentekens vir Gr 4 het 'n rooi agtergrond.
    - (v) Spesialisiekentekens vir Gr 5 het 'n grys agtergrond.
    - (vi) Spesialisiekentekens vir Gr 6 het 'n geel agtergrond.
    - (vii) Spesialisiekentekens vir Gr 7 het 'n ligblou agtergrond.
  - b) Spesialisiekentekens vir Verkenner  
Spesialisiekentekens vir Verkenner het 'n gepaste agtergrond.
- 6.17.2 Wanneer 'n Penkop of Drawwertjie 'n Verkenner word, word al die Penkop- en Drawwertjie-spesialisiekentekens van die erkenningsbaadjie verwyder.
- 6.17.3 'n Penkop of Drawwertjie wat 'n Verkenner word, en die Dagbreek-graadwiel verwerf het, dra die kenteken op die erkenningsbaadjie oor as eerste spesialisie en word aangewerk soos voorgeskryf in 7.2.2 j.
- 6.17.4 Wanneer 'n Verkenner 'n volwasse lid word, word al die Verkenner spesialisiekentekens van die erkenningsbaadjie verwyder.

## 6.18 Offisiersopleidingskentekens vir volwassenes

Slegs die hoogste kenteken word gedra op die erkenningsbaadjie.

- a) 'n Oranje kenteken vir Intreekursus
- b) 'n Groen kenteken vir Spanhantering
- c) 'n Groen kenteken met 'n ligblou rand vir Staatmakerkursus
- d) 'n Blou kenteken vir Bestuurskursus
- e) 'n Rooi kenteken vir Leierseminaar
- f) 'n Silwer kenteken vir Kursusaanbieder

## 6.19 Reddingsboei-toekenning vir dapperheid

'n Goue ronde metaal kenteken met 'n goue lourierkrans om die rand. In die sirkel is 'n goue tou vierkant om 'n goue reddingsboei. Reg in die middel is 'n silwer V. Die metaal kenteken word op beide die baadjie/blazer en erkenningsbaadjie gedra.

## 6.20 75- en 85 jaar-Fees kenteken

Dit is ronde, wit, geborduurde kentekens met 'n rooi rand. Twee halfmane in groen (links) en oranje (regs) omsluit die blou syfers **75 vir die 75 jaar- en 85 vir die 85 jaar-Fees respektiewelik.**

- (a) Alle lede van Die Voortrekker Beweging mag die feeskentekens dra en is oordraagbaar van Penkoppe en Drawwerties na Verkenner en volwassenes.
- (b) Die kentekens word slegs op die erkenningsbaadjie gedra.
- (c) Jeuglede dra dit soos 'n spesialisie.
- (d) Volwassenes dra dit onder die dienskenteken.
- (e) Indien volwassenes 'n **75- en 'n 85 jaar-Feeskenteken** dra, word die kentekens langs mekaar gedra.

- (f) Die 75 jaar–Feeskenteken is uitgereik aan persone wat die nasionale feeskamp rondom 30 September 2006 bygewoon het.
- (g) Die 85 jaar-Feeskenteken is 'n uitreiking aan persone wat in 2016 'n 85-jaar feesviering bygewoon het.

## **7 UITLEG EN AANWERK VAN KENTEKENS**

### **7.1 Algemeen**

- 7.1.1 Alle kentekens word aangebring soos getoon in die sketse wat deur die Voriemôl in voorraad gehou word. Dit word hieronder omskryf .
- 7.1.2 Alle kentekens wat nie van metaal vervaardig is nie, word met gare van dieselfde kleur as die rand van die kenteken aangewerk.
- 7.1.3 Geen kenteken word op 'n blou, rooi of wit gholfhemp gedra nie.
- 7.1.4 Die naambalkie van volwassenes, en die reddingsboei by volwassenes en die jeugleiersbalkie by jeuglede is die enigste metaal kentekens wat op 'n erkenningsbaadjie gedra word.

### **7.2 Uitleg van kentekens op die Erkenningsbaadjie**

#### **7.2.1 Linkerkant**

- a) Die metaal reddingsboei kenteken word in die middel in die ruimte bokant die Voortrekkerwapen gedra.
- b) Die Voortrekkerwapen kom in die middel van die skouernaat, 100 mm van die naat af. Kleiner Penkoppe en Drawwertjies dra dit 50 mm van die naat af.
- c) Die gebiedswapen kom 10 mm van die onderkant van die Voortrekkerwapen af.
- d) Die kommandonaamlint kom 10 mm van die onderkant van die gebiedswapen af.
- e) Die spankenteken vir jeuglede kom 10 mm van die onderkant van die kommandonaamlint af.
- f) Die toekenningsbalkie vir volwasse lede kom 10 mm van die onderkant van die kommandonaamlint af. As meer as een dekorasie/medalje toegeken is, word dit in die volgorde van die knopekant na die synaat gedra soos in paragraaf 6.6 in hierdie hoofstuk omskryf.
- g) Rangkentekens vir jeuglede kom 10 mm van die onderkant van die spankenteken af.
- h) Rangkentekens vir volwasse lede kom 10 mm van die onderkant van die medaljelintbalkie af. Indien geen medaljes ontvang is nie, kom dit 30 mm van die onderkant van die kommandonaamlint af.
- i) Kentekens vir getroue diens, skei en/of voorjuk) kom 10 mm van die onderkant van die rangkenteken af. Indien geen rangkenteken gedra word nie, kom die skei en/of voorjuk 50 mm van die onderkant van die spankenteken af.
- j) Die eerste graadwiel vir Penkoppe en Drawwertjies kom in die middel 10 mm van die onderkant van die kentekens vir getroue diens af. Die tweede graadwiel kom 10 mm regs (knopekant) van die eerste graadwiel en die derde graadwiel kom 10 mm links (synaatkant) van die eerste graadwiel. Die vierde graadwiel kom 10 mm van die onderkant van die eerste graadwiel af. Hierdie patroon word deurgaans vir al die graadwiele gevolg. Die Dagbreek-graadwiel wat in Gr 7 verwerf word, kom in die middel, 10 mm onder, die ander graadwiele.
- k) Eerste graadwiele vir Verkenner kom in die middel 10 mm van die onderkant van die kentekens vir getroue diens af. Die tweede graadwiel kom 10 mm regs (knopekant) van die eerste graadwiel en die derde graadwiel kom 10 mm links (synaatkant) van die eerste graadwiel. Die vierde graadwiel kom 10 mm van die onderkant van die eerste graadwiel af.
- l) By volwassenes kom die 75 jaar-of 85 jaar-feeskenteken 10 mm onder die diens-kenteken.
- m) As albei die feeskentekens gedra word dan word hul 10 mm uitmekaar gedra.

#### **7.2.2 Regterkant**

- a) Die enigste metaalkenteken wat volwasse lede op 'n erkenningsbaadjie dra, is 'n

- b) naambalkie. Die naambalkie kom in die middel van die skouernaat, 100 mm van die boonste naat af.
- c) Verkennerjeugleiers dra die voorgeskrewe metaalbalkie vir Gebied-, Oord- en Kommando-jeugleiers in die middel van die skouernaat, met 'n 10 mm spasie tussen die onderkant van die balkie tot die bokant van die groepkenteken.
- d) Penkoppe- en Drawwertjiesjeugleiers dra die voorgeskrewe metaalbalkie vir Kommandojeugleiers in die middel van die skouernaat, met 'n 10 mm spasie tussen die onderkant van die balkie tot die bokant van die groepkenteken.
- e) Penkoppe/ Drawwertjies en Verkenners dra nie naambalkies nie.
- e) Die groepkenteken vir alle lede kom in die middel van die skouernaat soos volg:
  - (i) 30 mm van die onderkant van die naamplaatjie af vir volwasse lede
  - (ii) 50 mm van die naat af vir kleiner Penkoppe en Drawwertjies
  - (iii) 100 mm van die naat af vir verkenners en groter Penkoppe en Drawwertjies
  - (iv) 10 mm van die onderkant van die jeugleiersbalkie.
- f) Die Voorslagtoekenning - indien die kenteken as 'n Penkop of Drawwertjie verwerf is, kom dit 10 mm van die onderkant van die groepkenteken op die Verkenner se erkenningsbaadjie.
- g) Indien die Hoofleierswag-/Presidentverkenner-toekenning verwerf word, word die Voorslagtoekenning afgehaal en die toepaslike kenteken word in die plek daarvan, 10 mm van die onderkant van die groepkenteken, aangebring.
- h) Die ABC-toekenning vir Penkoppe en Drawwertjies kom 10 mm van die onderkant van die groepkenteken af en net die hoogste toekenning word gedra.
- i) Die ABC-toekenning vir Verkenners kom 10 mm van die onderkant van die Voorslagtoekenning af. Indien 'n Voorslagtoekenning nie verwerf is nie, kom dit 80 mm van die onderkant van die groepkenteken af. Net die hoogste toekenning word gedra.
- j) Die ABC-toekenning vir volwasse lede word heel onder gedra, 30 mm onder die offisersopleidingskenteken. Indien geen offisersopleidingskenteken gedra word nie, kom die ABC-toekenning 60 mm van die onderkant van die Hoofleierswag-/ Presidentsverkenner-toekenning af. Indien geen offisersopleidings-, Hoofleierswag- of Presidentsverkenner-toekenning gedra word nie, kom die ABC-toekenning 60 mm van die onderkant van die groepkenteken af. Net die hoogste offisersopleidingskenteken word gedra.
- k) Spesialisiekentekens vir Penkoppe en Drawwertjies
  - (i) Die eerste spesialisiekenteken kom in die middel 10 mm van die onderkant van die ABC-toekenning af. Indien geen ABC gedra word nie kom die eerste spesialisie 50 mm van die onderkant van die groepkenteken af.
  - (ii) Die tweede kenteken kom 10 mm links (knopekant) van die eerste kenteken af.
  - (iii) Die derde kenteken kom 10 mm regs (synaatkant) van die eerste kenteken af.
  - (iv) Die vierde spesialisie kom 10 mm van die onderkant van die eerste spesialisie af en daarna word dieselfde patroon as vir die tweede en die derde spesialisie gevolg. Hierdie patroon word herhaal vir alle verdere spesialisies.
  - (v) Spesialisies word slegs in drie vertikale rye aangebring. Indien die drie rye vol is word die kenteken van die junior spesialisie waar daar ook 'n senior spesialisie is en wat deur die Penkop of Drawwertjie verwerf is, afgehaal en 'n ander kenteken kan in dié se plek aangewerk word. As al die junior kentekens vervang is, kan al die graad 1 kentekens afgehaal word en deur ander kentekens vervang word.
  - (vi) Die 85 jaar-feeskenteken word soos 'n spesialisie deur Penkoppe en Drawwertjies gedra.
- l) Spesialisiekentekens vir Verkenners
  - (i) Indien die lid nie die die Voorslagtoekenning as Penkop- of Drawwertjie verwerf het nie, kom die ABC-toekenning 60mm van die onderkant van die groepkenteken. Die eerste Verkennerspesialisie-kenteken kom in die middel 10 mm

van die onderkant van die ABC-toekenning af. As 'n ABC- kenteken nog nie verwerf is nie dan kom die eerste spesialisasie 100 mm in die middel onder die groepkenteken.

- (ii) Die tweede kenteken kom 10 mm links (knopekant) van die eerste kenteken af.
- (iii) Die derde kenteken kom 10 mm regs (synaatkant) van die eerste kenteken af.
- (iv) Die vierde spesialisasie kom 10 mm van die onderkant van die eerste spesialisasie af en daarna word dieselfde patroon as vir die tweede en die derde spesialisasie gevolg. Hierdie patroon word herhaal vir alle verdere spesialisasies.
- (v) Die 75 jaar- en 85 jaar-feeskenteken word soos 'n spesialisasie gedra.
- (vi) Spesialisasies word slegs in drie vertikale rye aangebring.
- m) Feeskenteken vir Volwassenes
  - (i) Indien 'n volwassene slegs een feeskenteken dra dan word dit in die middel 10 mm onderkant die dienskenteken gedra.
  - (ii) Indien 'n volwassene meer as een feeskenteken dra dan word die 85 jaar- feeskenteken aan die knopekant en die 75 jaar-feeskenteken aan die synaatkant 10 mm uitmekaar gespaseer onder die dienskenteken gedra.
- n) Volwasse lede dra nie spesialisasiekentekens nie.

### **7.3 Uitleg van kentekens op die formele baadjie/blazer**

#### **7.3.1 Linkerkant**

- a) Die toekenningbalkie/toekenninglintbalkie (metaal) word gedra soos omskryf in paragraaf 6.6 van hierdie hoofstuk. Die bokant van die toekenningbalkie/toekenninglintbalkie (metaal) kom horisontaal in lyn met die mikkie in die linkerlapel van die baadjie/blazer. Die balkie word so geplaas dat die afstand tussen die mikkie en die toekenningbalkie en van die balkie tot die mounaat ewe groot is. As die baadjie/blazer nie 'n mikkie het nie, moet die bokant van die toekenningbalkie vertikaal 100 mm onder die skouernaat wees. .
- b) Die Erelidmaatskap-penning word in die middel van die skouernaat en aan die bokant van die metaal toekenningsbalkie gedra.
- c) Geen kentekens mag op 'n lapel van 'n baadjie aangebring word nie.

#### **7.3.2 Regterkant**

- a) Die reddingsboei kenteken word in die middel in die ruimte bokant die naambalkie gedra.
- b) Die naambalkie se bokant kom horisontaal in lyn met die mikkie wat in die regterlapel van die baadjie/blazer voorkom. As die baadjie/blazer nie 'n mikkie het nie, moet die bokant van die naambalkie 100 mm onder die skouernaat wees.
- c) Rangkentekens kom 10 mm van die onderkant van die naambalkie af.
- d) Kentekens vir getroue diens kom 10 mm van die onderkant van die rangkentekens af.
- e) Die ABC-toekenning kom 10 mm van die onderkant van die kentekens vir getroue diens af.
- f) Geen kentekens mag op die lapel van die baadjie aangebring word nie.

## **8 Toekennings wat nie op Voortrekkerdrag gedra mag word nie:**

### **8.1 Toekennings wat nie op Voortrekkerdrag gedra word nie.**

- a) Kan aan volwasse Voortrekkers asook volwasse nie-Voortrekkers gemaak word en op gepaste drag gedra
  - (i) Penning vir uitstaande jeugdiens op Nasionale vlak.
  - (ii) Penning vir uitstaande jeugdiens op Gebiedsvlak.
  - (iii) Penning vir uitstaande jeugdiens op Gemeenskapsvlak.
- b) Kultuurleierskap- toekennings aan nie-Voortrekker- en Voortrekker Jeuglede en kan op 'n skoolbaadjie of 'n ander gepaste kledingstuk gedra word:
  - (i) Penning vir uitstaande Kultuur leierskap op Nasionale vlak.
  - (ii) Penning vir uitstaande Kultuur leierskap op Gebiedsvlak.
  - (iii) Penning vir uitstaande Kultuur leierskap op Gemeenskapsvlak.

## **9 DIE GEDRAGSKODE EN VOORTREKKERDRAG**

### **9.1 Geleenthede waar formele Voortrekkerdrag gedra word:**

- 9.1.1 Voortrekkerfunksies/seremoniële geleenthede wat as formele geleenthede verklaar word deur die bevelvoerende offisier. Die oproep na die geleentheid moet uitdruklik meld dat dit 'n formele geleentheid is sodat die korrekte drag saamgebring kan word.
- 9.1.2 Enige geleentheid waar Die Voortrekkers in die openbaar in die teenwoordigheid van die algemene publiek is, behalwe waar die dra van formele drag na die oordeel van die bevelvoerende offisier nie paslik is nie.
- 9.1.3 Vergaderings van die kongres, hoofbestuur, gebiedsraad, gebiedsbestuur, oordbestuur, kommandobestuur en kommandojaarvergaderings (insluitende die onthale wat daarmee gepaard gaan) tensy die voorsitter van die vergadering 'n ander bepaling vooraf bekendmaak.
- 9.1.4 Oorhandiging van erelidmaatskap, reddingsboei, 'n dekorasie, medaljes, pennings en kentekens.
- 9.1.5 Inlywings waar die belofte afgelê word, inhuldiging van leiers en jaareindfunksies.
- 9.1.6 Kerkbyeenkoms en Voortrekkerbegrafnisse.

### **9.2 Geleenthede waar aktiewe Voortrekkerdrag gedra word:**

- 9.2.1 Geleenthede waar identifisering paslik is maar die dra van formele drag na die oordeel van die bevelvoerende offisier nie paslik is nie. Die oproep na die geleentheid moet uitdruklik meld dat dit 'n informele geleentheid is sodat die korrekte drag saamgebring kan word.
- 9.2.2 Spanbyeenkomste, spankampe, kommandokampe, oordkampe, gebiedskampe en kommandobyeenkomste wat as informeel aangedui is. Die bevelvoerende offisier van 'n aktiwiteit kan 'n gedeelte daarvan as 'n formele geleentheid verklaar, maar dan moet die oproep na die geleentheid uitdruklik meld dat dit ook 'n formele geleentheid is sodat die korrekte drag saamgebring kan word. Indien die oproep dit nie as 'n formele geleentheid verklaar nie, word net aktiewe drag gedra.

### **9.3 Geleenthede waar spesiale toestemming nodig is om Voortrekkerdrag te dra:**

Nie-Voortrekkeraktiwiteite, in die teenwoordigheid van die algemene publiek, waar daar in opdrag van 'n bestuursliggaam van Die Voortrekkers opgetree word. (Bv Verjaarsdag-funksies van gemeenskapsliggame of skool oorhandigings)

### **9.4 Geleenthede waar Voortrekkerdrag nooit gedra mag word nie:**

Partypolitieke vergaderings of funksies.

### **9.5 Dekorاسies/medaljes of metaallintbalkies of lintbalkies op die baadjie/blazer of erkenningsbaadjie:**

Dit word te alle tye gedra maar die volwasse lid het eie keuse of die dekorاسies/medaljes of metaallintbalkie op baadjie/blazer gedra wil word.

### **9.6 Geleenthede waar slegs dekorاسies/medaljes op die baadjie/blazer gedra moet word:**

- 9.6.1 Oorhandiging van erelidmaatskap, reddingsboei, dekorاسies, medaljes, pennings, Voorslag-, Hoofleierswag- Presidentsverkenner- toekenning en ander kentekens.
- 9.6.2 Jaareindfunksies waar oorhandigings gedoen word.

## **10 PERSOONLIKE VERSORGING MET DIE DRA VAN FORMELE DRAG**

### **10.1 Hare:**

- 10.1.1 Dames en dogters se hare moet smaakvol en netjies wees.
- 10.1.2 Manlike lede se hare moet netjies wees.
- 10.1.3 Indien die hare van 'n lid langer as skouerlengte is, moet dit op 'n paslike wyse met die regte kleur hulpmiddels vasgemaak word.

### **10.2 Grimering:**

Dames se grimering moet smaakvol wees en by die Voortrekkerdrag pas.

### **10.3 Juwele:**

10.3.1 Juwele moet smaakvol wees en by die Voortrekkerdrag pas.

10.3.2 Nekkettings of hangertjies mag gedra word, maar dit moet nie bo-op die bloes/hemp hang nie.

10.3.3 Goue/silwer armband(e) of armketting wat by Voortrekkerdrag pas word gedra.

10.3.4 Beperk ringe tot 'n minimum.

10.3.5 "Medic Alert" of soortgelyke hangers (onder bloes/hemp) en -armbande word gedra.

10.3.6 Geen ken-, lip-, neus-, wang- of wenkbrouknopies of -ringe word as lyfversiering in Die Voortrekkers of saam met Voortrekkerdrag gedra nie.